Sake24

Tegniese Siening : Saterdag, 5 Julie 2008

Raad vir dié sonder steenkool-aandele

Tegniese siening
Shaun van den Berg



Steenkool is die afgelope vyf jaar die vinnigs groeiende bron van brandstof. Verlede jaar het verbruik met 4,5% gestyg, teenoor die gemiddelde styging oor 10 jaar van 3,2%. Buiten die Midde-Ooste het verbruik in elke streek van die wêreld die 10-jaar-gemiddelde oorskry.

In China het verbruik te midde van grootskaalse industrialisasie met 7,9% gestyg, wat die swakste groei sedert 2002 was, maar nogtans vir twee derdes van die wêreldwye groei in steenkoolverbruik gesorg het. In Indië het die groei 6,6% beloop.

Pessimiste meen egter dat hoë hulpbronpryse 'n demper op die vraag na steenkool sal plaas.

Optimiste sê weer dat hierdie oplewing baie sterk is en dekades lank kan duur. Die produsente van energiehulpbronne en metale is dus teen huidige waardasies baie goedkoop.

Daar word selfs beweer dat die pryse van natuurlike hulpbronne oor die volgende 50 tot 75 jaar opwaarts kan neig. Dit is nie soseer dat die vraag na hulpbronne so skerp gaan styg nie, maar eerder dat die aanbod nie genoeg gaan wees om in die bykomende vraag te voorsien nie.

Suid-Afrika is egter nie besig om munt te slaan uit die wêreldwye oplewing in hulpbronne nie. Die plaaslike hulpbronsektor se bydrae tot die eerste kwartaal se bruto binnelandse produk (BBP) het met 22,2% gedaal. Die produksie van platinum het met 15% teruggesak, goud met 19%, diamante met 18% en steenkool met 5,6%. In totaal was die mynproduksie 11% laer.

Eskom het nou 'n bykomende 45 miljoen ton steenkool nodig wat Suid-Afrikaanse steenkoolgroepe se verdienste uit uitvoer nadelig kan raak. Die kritiek op Eskom is dat hy vroeër moes opgetree het omdat dit 'n probleem is wat al jare broei.

BHP Billiton, Anglo American en Exxaro is die groot spelers in die plaaslike steenkoolbedryf en het die JSE se hulpbronne-indeks aangevuur. Die aandeelpryse van hierdie drie is steeds bo hul bewegende gemiddeldes, en die tendens bly bulagtig en aansienlik oorgekoop. Die drie aandele vaar ook aansienlik beter as die JSE se indeks van alle aandele.

Anglo American is 'n wêreldleier in mynbedrywighede in platinum, diamante, steenkool, ystererts, asook nywerheidsminerale. Die groep is geografies divers, met bedrywighede in Afrika, Europa, Suid- en Noord-Amerika, Australië en Asië.

BHP Billiton is die wêreld se grootste natuurlike-hulpbronmaatskappy en het ook noterings in Australië, Londen en New York. Die groep het verteenwoordiging in agt vername hulpbronmarkte – olie en gas, aluminium, koper, nikkel, ystererts, mangaan, metallurgiese steenkool en energie-steenkool, met bykomende blootstelling aan uraan, goud, sink, lood en silwer.

Exxaro is Suid-Afrika se vlagskip-bemagtigingsmynmaatskappy en 'n gediversifiseerde hulpbrongroep. Exxaro is tans die vierde grootste steenkoolprodusent in Suid-Afrika en het unieke mineralesand-bedrywighede. Die maatskappy is ook die land se enigste sinkprodusent.

As na kleiner steenkoolprodusente gekyk word, het Coal of Africa (Coal) 'n groot indruk op die JSE gemaak. Sedert 'n laagtepunt in Augustus 2007, het die maatskappy se aandeelprys met 600% gestyg en het hy 'n markwaarde van R12,8 miljard verkry.

Sy aandele verhandel tans bo sy 21-dae- en 40-dae- bewegende gemiddelde, met 'n tendens wat bulagtig vertoon. Die 2 500c-vlak behoort in 'n insinking ondersteuning te bied wat naby die 33%-terugtrekvlak is. Die BGKD-aanwyser toon tans beeragtige afwykings wat daarop dui dat die aandeelprys binnekort laer kan neig. Beeragtige afwykings kom voor wanneer die aandeelprys nuwe sikliese hoogtepunte bereik wat nie deur tegniese aanwysers bevestig word nie, maar eerder in die teenoorgestelde rigting beweeg en nuwe sikliese laagtepunte bereik.

Sentula (voorheen Scharrig Mining) is betrokke by oopgroefmynbedrywighede, steenkool, rehabilitasie, grondwerke, eksplorasie-boorwerk en myndienste. Die maatskappy se aandele verhandel tans bo die 21-dae- bewegende gemiddelde, maar is steeds onder die 40-dae- bewegende gemiddelde, met die tendens wat beeragtig voorkom. Die BGKD-aanwyser het die 9-dae-snellerlyn gekruis om sodoende 'n bulteken te gee. Die vorige ondersteuningsvlak van 1 690c kan moontlik nou 'n weerstandsvlak wees, maar sou dit na bo gekruis word, sal die tendens van 'n beer in 'n bul verander. Die aandeel kan 'n goeie herstel-geleentheid bied.

Wescoal, die Alt^{X}-genoteerde groep, is betrokke by steenkoolmynbedrywighede en die was en verhandeling van steenkool. Die maatskappy se aandeelprys het reeds verskeie kere die 300c-weerstandsvlak getoets, maar was nog altyd onsuksesvol. Dit verhandel net onder sy bewegende gemiddeldes, en die tendens is sywaarts tot beeragtig. Die BGKD-aanwyser het die 9-dae-snellerlyn na onder gekruis terwyl dit steeds oorgekoop was om sodoende 'n vroeë beerteken te gee. Die 33%-terugtrekvlak is by 220c, terwyl die 50%-terugtrekvlak by 180c is. Wag totdat die aandeelprys tot dié vlakke gedaal het voordat jy oorweeg om te koop.

Die vooruitsigte vir die steenkoolbedryf lyk taamlik rooskleurig, veral as gevolg van stygende hulpbronpryse in olie en gas wat vrese vir toekomstige tekorte aan energie laat opvlam het. Die beleggingsles hierin is om aandele in olie-, gas- en mynmaatskappye te koop op die grondslag van die lewensduur van hul reserwes onder die grond in gebiede wat as politiek veilig beskou word.

As jy nie 'n aansienlike deel van jou aandeleportefeulje in energie-hulpbronne het nie, behoort dit so gou moontlik gedoen te word.

■ *Van den Berg is PSG Online se hoof- tegniese ontleder.*